

Josef die meester van drome



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Genesis 37, Mattheus 20:26 en 27, Handeling 7:9, Genesis 38, asook hfst. 39 en hfst. 40:1 tot 41:36.

Geheeteks: “Hulle het vir mekaar gesê: ‘Daar kom die groot dromer aan!’”

(Genesis 37:19, ABA).

Die verhaal van Josef (*Genesis 37-50*) vorm die slotgedeelte van Genesis, van sy eerste drome in Kanaän (*Gen. 37:1-11*) tot by sy dood in Egipte (*Gen. 50:26*). Om die waarheid te sê, Josef neem meer plek in dié bybelboek in beslag as enige van die ander patriarge. Hoewel Josef net een van Jakob se seuns is word hy (net soos Abraham, Isak en Jakob) in Genesis as ’n groot patriarg aan die leser bekend gestel.

Soos ons aanstons sal sien onderstreep Josef se lewe ook twee belangrike teologiese waarhede: eerstens, dat God sy beloftes nakom; en tweedens, dat Hy die slegte wat met ’n mens gebeur in iets goeds kan omskep.

In hierdie week se studie bekyk ons die beginjare van Josef se lewe. Hy is Jakob se gunstelingseun, en kry, ironies genoeg, die bynaam *ba’al hakhalomot*, wat as “die dromer” vertaal is (*Gen. 37:19*). Die Hebreeus beteken egter letterlik “die meester van drome,” wat impliseer dat hy ’n kenner op die gebied van drome is. Hierdie titel is nommerpas. Hy ontvang nie net profetiese drome, en verstaan en lê dit baie goed uit nie; maar toon ook deur sy lewe dat daardie profetiese drome en hul uitleg bewaarheid word.

In hierdie hoofstukke sal ons opnuut hoedat die groot Voorsienigheid se woord altyd bevestig word, self wanneer boosheid en die verdorwenheid van die mensehart dinge deurmekaarkrap.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 11 Junie.*

Gesinsprobleme

Jakob het hom, ten einde laaste, in die land gevestig. Hoewel sy pa, Isak, slegs “’n vreemdeling” was, sê dieselfde teksversers dat Jakob “in Kanaän gebly [het]” (*Gen. 37:1, NAB*). Jakob-hulle het hulle net mooi in die landstreek gevestig gehad, toe die probleme weer begin kop uitsteek – dié keer in gesinsverband. Die interne struwelinge het egter niks met grondeienaarskap of skep-regte by die plaaslike put te doen gehad nie. Dit was grotendeels ’n geestelike probleem.

Lees Genesis 37:1-11. Watter situasie in Jakob se huishouding het Josef se broers besonder vatbaar gemaak vir die haat waarmee hulle hom bejeën het?

Josef was die bejaarde Jakob se laatlammetjie (*Gen. 37:3*), derhalwe was daar blykbaar van meet af ’n spesiale band tussen Josef en sy pa, met die gevolg dat Jakob “hom meer as al sy broers lief[gehad] het” (*Gen. 37:4, OAB*). So vër het Jakob dit gevoer dat hy vir Josef “’n besondere kleed” laat maak het (*Gen. 37:3, NKJV*), geskik vir die prinse van destyds (*2 Sam. 13:18*). So het Jakob eintlik sy ware bedoelings te kenne gegee: hy wou Josef, Ragel se eerste seun, tot eersgeborene verhef.

Jakob se testament het inderdaad ook daardie bedoeling bevestig, met Josef wat wel later die eersgeboortereg ontvang (*1 Kron. 5:2*). Dit is geensins verbasend dat Josef se broers hom so geweldig gehaat het nie en dat hulle selfs nie eens ’n normale gesprek kon voer sonder dat dit tot onmin gelei het nie (*Gen. 37:4*).

Om alles te kroon het Josef stories geloop en aandra by sy pa, oor alles wat sy broers verkeerd gedoen het (*Gen. 37:2*). Niemand hou van ’n verklikker nie.

Toe Josef dus sy drome aan hulle vertel, en daarmee aandui dat God hom ’n hoër posisie as hulle sou gee; en dat hulle, sy broers, voor hom sou neerbuig; het Josef se broers hom nog meer gehaat. Die eg-profetiese aard van hierdie drome word bevestig deur die feit dat hulle telkens dieselfde boodskap tuisbring (*lees Gen. 41:32*). Jakob het sy seun openlik tereggewys (*Gen. 37:10*). Tog probeer hy nie om van die drome te vergeet nie. Nee, hy bepeins dit in ’n poging om sin daarvan te maak, en hoop heimlik dat dit wel vervul sal word (*Gen. 37:11*). Wat lei ’n mens hieruit af? Dalk het Jakob gemeen dat sy jongste se drome ’n dieper betekenis het. Hy was boonop reg. Hoe reg het hy egter nie in daardie stadium besef nie.

Lees Matteus 20:26 en 27. Watter deurslaggewende beginsel word hier aan die lig gebring? Hoe kan ’n mens die les hieruit, prakties van toepassing maak op mens se eie lewe?

Die aanval op Josef

Die daaropvolgende gebeure is verskriklik en besonder onaangename leesstof, tog verstaan 'n mens waarom dit gebeur het. Om iemand in jou huishouding te haat en boonop voortdurend saam met daardie persoon te wees, sal vir seker, een of ander tyd, tot konflik lei.

Dit is presies ook wat gebeur het.

Lees Genesis 37:12-36. Wat leer 'n mens hieruit oor die geweldige gevaar wat bose, onbekeerde harte kan inhou; en ook tot watter tipe dade dit kan lei?

Josef se broers het hom gehaat. Hulle was jaloers op die feit dat God hom begunstig het (*Hand. 7:9*), 'n begunstiging wat periodiek uit bepaalde gebeure geblyk het: Josef verdwaal, maar 'n vreemdeling help hom (*Gen. 37:15*); die sameswering van Josef se broers teen hom, maar Ruben se ingryping deur 'n voorstel dat hy [Josef] liewers in 'n droë put gegooi word (*Gen. 37:20-22*).

Die soort haat wat tot hierdie klas van gruwels aanleiding gegee het, veral teen 'n gesinslid, kan 'n mens jou byna nie indink nie. Hoe kon dié jongmans so wreed wees? Het hulle dan nie, selfs net vir 'n oomblik, gedink hoe dit hulle pa sou raak nie? Ongeag die wrok wat hulle teenoor hul pa gekoester het omdat hy vir Josef voorgetrek het, was dit uiters veragtelik om dit aan een van sy seuns te doen. Hier het ons 'n sprekende voorbeeld van die ongelooflike boosheid waartoe die mens in staat is.

“Party van hulle [die broers] was ongemaklik met die hele gedoente. Die wraak waarna hulle so uitgesien het, was skielik nie meer so soet nie. Kort daarna sien hulle 'n karavaan aankom in die verte. Dit was 'n groep Ismaeliete wat vanuit die gebied oorkant die Jordaanrivier gekom het, met speserye en ander verkoopsartikels by hulle. Hulle was op pad na Egipte. Toe stel Juda voor dat hulle hul broer aan die heidense handelaars moet verkoop, in plaas daarvan om Josef in die put te laat waar hy uiteindelik sal doodgaan. Sodoende sal hy ten minste uit hul pad wees, en dan sal dit nie hulle skuld wees as hy wel daarna omkom nie” -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 211.

So, nadat hulle hom in die droë put gegooi het, met die doel om hom later om die lewe te bring, kom 'n karavaan daarlangs verby. Met dié stel Juda voor dat hulle vir Josef aan die handelaars verkoop (*Gen. 37:26, 27*). Na die Midianiete hom gekoop het (*Gen. 37:28*), verkoop hulle hom aan iemand in Egipte (*Gen. 37:36*); in aanloop tot sy toekomstige glorie.

Waarom is dit so belangrik om die Here om krag te bid ten einde 'n mens se swak karaktereenskappe te verander, voordat dit op 'n dag tot die soort dade lei wat jy nooit gedink jy ooit in jou lewe sal doen nie?

Juda en Tamar

Die verhaal van Tamar pas by dié wat ons tot dusver beskou het. Neem in ag dat dit kronologies-gesproke op die verkoop van Josef in Egiptiese slawerny, volg (*Gen. 38:1*), en strook met die feit dat Juda en sy broers se paadjies geskei het, 'n bewys dat hy met hulle koggestamp het. Daarbenewens toon dié teksvers sekere ooreenkomste met betrekking tot die voorafgaande hoofstuk se bepaalde woorde en grondbeginsels wat ooreenstem, asook dieselfde teologiese les: 'n bose daad word omskep in 'n positiewe gebeurtenis wat met verlossing in verband staan.

Lees Genesis 38. Vergelyk Juda se gedrag met dié van die Kanaänitiese Tamar. Wie van die twee is meer regverdig, en waarom?

Juda trou met 'n Kanaänitiese vrou (*Gen. 38:2*) by wie hy drie seuns het: Er, Onan en Sela. Juda gee die Kanaäniet, Tamar, as vrou aan sy eersgeborene, Er, ten einde die stamboom te bewaar. Vanweë hul boosheid het die Here egter vir Er en Onan laat sterwe, waarna Juda belowe dat Tamar met sy laasgeborene, Sela, kan trou.

Toe, met verloop van tyd, lyk dit of Juda van sy belofte vergeet het. Intussen kom Juda se vrou ook te sterwe. Die patriarg gaan soek na vertroosting, met die gevolg dat Tamar haar as 'n prostituut voordoen in 'n poging om Juda te forseer om sy belofte aan haar na te kom. Juda het egter nie kontant om vir die prostituut te betaal nie, wat hy boonop nie herken nie. Hy belowe om later 'n bok uit sy kudde aan haar te stuur.

Intussen eis Tamar dat hy haar iets in pand moet gee: sy seëlring met die bandjie, asook sy staf. Tamar raak swanger na hierdie eienaardige gebeurtenis. Toe Juda haar later van prostitusie beskuldig, wys sy vir hom die seëlring met die bandjie, asook sy staf. Juda beseft wat aangaan en vra haar om verskoning.

Die uiteinde van dié smerige verhaal is die geboorte van Peres, 'n naam wat “deurbreek” beteken; 'n bybelkarakter wat, net soos Jakob, tweede gebore is maar die eersgeboortereg verkry het, en wat in die verlossingsgeskiedenis as voorsaak van Dawid (*Rut 4:18-22*) en uiteindelik van Jesus Christus genoem word (*Matt. 1:3*). Wat Tamar betref, sy is die eerste van vier vroue – gevolg deur Ragab (*Matt. 1:5*), Rut (*Matt. 1:5, 6*) en die vrou van Urija (*Matt. 1:6*) – wat op die geslagsregister voorlopers van Maria, die moeder van Jesus, is (*Matt. 1:16*).

Wat is een van die lesse wat 'n mens uit hierdie verhaal kan leer? Net soos die Here vir Tamar uit genade gered het, en die kwaad in die goeie omskep het, sal Hy sy kinders deur die soendood van Jesus red. Toegepas op Josef se lewe, leer ons dat die Here dié patriarg se persoonlike tragedie in verlossing vir Jakob en sy seuns sal omskep.

Josef, ’n slaaf in Egipte

Ons keer nou terug na die opeenvolgende gebeure in Josef se lewe, wat deur die Tamar-insident “onderbreek” is. Josef werk nou as ’n slaaf vir die “die hoof van die lyfwag” – ’n hoofbewaarder vir die tronk wat in die gebou van die koninklike lyfwag was (*Gen. 40:3 en 4, NAB; Gen. 41:10-12*).

Lees Genesis 39. Josef het as ’n toesighouer onder Potifar gewerk en was ’n besonder voorbeeldige werker. Watter faktore lei tot die soort sukses waarvan die Bybel hier praat?

Josef word byna van meet af aan as ’n suksesverhaal uitgebeeld (*Gen. 39:2, 3*). Hy het hom so goed van sy taak gekwyt, en sy meester het hom so vertrou, dat Potifar “al sy besittings... onder Josef se sorg geplaas [het].” Hy het hom selfs “oor sy hele huishouding [aangestel]” (*Gen. 39:4, NAB*).

Tog het hierdie sukses nie ’n verderwende uitwerking op Josef nie. Toe Potifar se vrou seksueel aangetrokke begin voel teenoor Josef en sy hom wil verlei, weier Josef volstrek. Hy kies om eerder sy werk en die sekerheid van die bekende te verloor, want die teendeel is vir hom ondenkbaar: “Hoe kan ek so ’n verkeerde ding doen? Ek sal mos teen God sondig!” (*Gen. 39:9, NAB*). Die vrou voel egter verneder na Josef se weiering. Sy het by haar ander diensknegte en by haar man vir Josef valslik beskuldig van ’n sedelike oortreding. So beland Josef toe in die tronk.

Josef ervaar hier wat elke gelowige een of ander tyd ervaar: die gevoel dat God hom verwerp het, hoewel Hy, selfs in hierdie moeilike omstandighede, “by hom was” (*Gen. 39:21, NAB; woordorde aangepas*).

Uiteindelik tree die Here wel op, en het ’n positiewe uitwerking op die band tussen Josef en die hoofbewaarder. Hier, net soos in Potifar se huis, seën die Here vir Josef. Hy is duidelik ’n begaafde jongman, en ten spyte van die slegter omstandighede waarin hy hom nou bevind (inaggenome dat hy voorheen ’n slaaf in ’n ander se huishouding was!), maak hy nietemin die beste van ’n slegte saak. Ongeag die gawes en talente waarom Josef beskik het, maak die teksvers dit egter duidelik dat sy sukses, op die ou einde, aan God te danke was: “en die tronkbewaarder het nie meer na iets omgesien nie; alles was in Josef se hande, want die Here was by hom. Wat Josef ook al aangepak het, die Here het dit laat slaag” (*Gen. 39:23, NAB*). Wat is die belangrike les hier? Dat almal wat begaaf is en wat sukses behaal, moet onthou wie die Gewer van al daardie dinge is!

Lees Genesis 39:7-12. Hoe het Josef die vrou se toenaderings teëgestaan? Waarom het hy pertinent gesê dat dit ’n sonde teen God sou wees om te doen wat sy vra? Watter insig toon Josef hier aangaande die aard van sonde?

Farao se droom

Lees Genesis 40:1 tot 41:36. Hoe hou die drome wat Farao gehad het verband met dié wat die amptenare gehad het? Wat beteken hierdie ooreenkomste?

Weereens sien 'n mens die hand van God in hierdie gebeure. Met verloop van tyd word Josef oor die ander gevangenes aangestel, waarvan twee boonop voormalige paleisamptenare, 'n skinker en 'n bakker, is (*Gen. 41:9-11*). Albei het drome waarvan die betekenis hulle ontwyk, want “daar is niemand wat dit kan uitlê nie” (*Gen. 40:8, NAB*). Later lê Josef egter die onderskeie drome uit.

Met die amptenare se drome ontvang Farao, op 'n soortgelyke wyse, ook twee drome. Weereens kan niemand dit uitlê nie (*Gen. 41:1-8*). Op daardie oomblik, danksy die bestiering, onthou die skinker van Josef, en beveel hom by die farao aan (*Gen. 41:9-13*).

Net soos by die amptenare, pla Farao se drome hom ook, met Josef wat dan sê wat hulle gedroom het (*Gen. 41:14-24*) en dit ook uitlê. Net soos die twee amptenare wie se drome ooreenstemmende simboliek toon, toon Farao s'n dit ook: die sewe koeie waarvan daar twee soorte is (vet en uitgeteer) stem ooreen met die koringare waarvan daar twee soorte is (vol en verdor); met beide wat op opeenvolgende tydperke van voorspoed en tekort dui. Die sewe koeie en die sewe koringare dui op dieselfde gebeurtenis en het dieselfde boodskap. Dit bewys dat Farao se drome 'n Goddelike oorsprong het, net soos dié van Josef (*Gen. 41:32, vgl. Gen. 37:9*).

Hoewel Josef die een is wat die drome aan Farao uitgelê het, wys Josef hom pertinent op 'n belangrike feit: Dit was God – *Elohim* – wat hierdie dinge aan Farao bekend gemaak het, oor die dinge wat Hy, wat God is, van plan is om te doen (*Gen. 41:25, 28*). Dit wil ook voorkom of dit deurgedring het tot Farao; want toe hy besluit om iemand as onderkoning oor Egipte aan te stel, voer hy die volgende rede vir sy besluit aan: “Aangesien God dit alles aan jou bekend gemaak het, is daar niemand verstandig en wys soos jy nie. Jy moet oor my huis wees, en na jou bevel moet my hele volk hulle skik; alleen deur die troon sal ek groter wees as jy” (*Gen. 41:39 en 40, OAB*).

Dit is nogal fassinerend: danksy die Here gaan Josef van toesighouer oor Potifar se huis, na toesighouer oor die gevangenes, tot by toesighouer oor die hele land. Wat 'n kragtige verhaal, selfs te midde van omstandighede wat oorweldigend negatief blyk te wees, word die hand van God geopenbaar!

Hoe kan ons leer om op die Here te vertrou, om aan sy beloftes vas te hou, wanneer daar inderdaad geen teken van die bestiering blyk te wees nie, asof die Here oënskynlik swyg?

Vir verdere studie: Ellen G. White, “Joseph in Egypt,” ble. 213-223 in *Patriarchs and Prophets*.

“Vroeg in hul lewens, net toe Josef en Daniël hul jeugjare agterweë gelaat en volwassenheid betree het, is dié twee jongmans van hul geliefdes weggeneem en as ballinge na heidense lande weggevoer. Josef, veral, was besonder kwesbaar vir die versoekings wat gewoonlik met sulke skielike veranderings saamgaan. In sy ouerhuis is hy tederlik gekoester. Toe beland hy [plotseling] in Potifar se huis as ’n slaaf, waar hy later ’n vertroueling en ’n sogenaamde lid van die huishouding word. Daar word die leisels van ’n huishouding aan hom oorhandig. Studie, waarneming en kontak met ander mans is sy leerskool. Daarna beland hy in Farao se tronk as ’n koninklike gevangene, en dit nadat hy onregverdiglik beskuldig is – sonder hoop, of die geleentheid om hom van alle blaam te suiwer, sonder enige vooruitsig op vrylating. Uiteindelik word hy te midde van ’n dreigende krisis as toesighouer oor die hele Egipteland aangestel. Dit laat ’n mens wonder: hoe het sy integriteit [as gelowige] behoue gebly?”

“Josef is van kindsbeen af geleer om God lief te hê en Hom te vrees. In sy pa se tent, daar onder ’n Siriëse sterreheemel, het hy gereeld die verhaal van Jakob se nagvisioen by Bet-El gehoor; van die leer wat tussen hemel en aarde gestaan het, en van die engele wat op- en af daarop beweeg het, en van die Een wat vanuit sy hemelse troonkamer Homself aan Jakob geopenbaar het. Ook het Josef die verhaal van die worsteling by die Jabbokdrif gehoor, die plek waar Jakob, nadat hy sy troetelonde afgesweer het, as oorwinnaar uit die stryd tree en toe ’n nuwe naam kry, een wat in die oë van God geskik vir ’n prins is.

“As ’n skaapwagterseun wat sy pa se kudde opgepas het, voer Josef ’n rein en eenvoudige bestaan, een wat uiteindelik ’n gunstige uitwerking op sy liggaamlike en verstandelike ontwikkeling het. Deur ’n noue wandel met God in die natuur, en deur die bestudering van die groot waarhede wat as ’n gewyde erfenis van pa na seun oorgedra is, neem Josef dus toe in denkvermoë en in beginselvastheid.

“Toe sy lewe ’n krisispunt bereik het, toe hy daardie vreeslike reis moes deurmaak, van sy ouerhuis in Kanaän na die slawerny wat op hom in Egipte gewag het; terwyl hy vir oulaas uitkyk oor die heuwels wat nou die tente van sy mense verberg het, onthou Josef van die God wat sy pa hom geleer het om te aanbid. Hy onthou die lesse wat hy van kindsbeen af geleer is. Dit was ’n besielende oomblik, toe hy hom voorneem om by sy opvoeding te hou – om altyd soos ’n onderdaan van die Hemelkoning op te tree” -Ellen G. White, *Education*, ble. 51 en 52.

Vrae vir bespreking:

- ① Vergelyk Josef met Daniël en Jesus. In watter opsigte stem hulle ooreen? Hoe openbaar Josef en Daniël, elk op hul eiesoortige wyse, aspekte van Jesus se karakter en hoe Hy eendag op aarde sou optree?
- ② Bespreek Donderdag se slotvraag gedurende klastyd. Hoe leer ’n mens om op die Here te vertrou wanneer dinge nie altyd na wense verloop nie, net soos dit later met Josef ook die geval was?